

PREEK
19 AUGUSTUS 2018

TEKS: 1 SAM 1: 11, 22

TEMA: My kind.....my kosbaarste, aan my geleen

Die Spreukedigter sê:

“Daar is drie, nee vier wat nooit sê: “genoeg” nie; die **doderyk**, die **onvervulde begeerte om moeder te word, grond** wat nie deurnat is nie, ‘n **vuur** wat nooit sê: “genoeg” nie.” (Spr 30: 15-16)

Die begeerte om moeder te word, ken elke vrou. Van die begeerte is ons dikwels nie bewus nie omdat dit so diep in die hart van ‘n vrou bewaar word. Dikwels is ons onsensitief vir dié behoefte en sê ons dinge wat seermaak. Hanna se verhaal bevestig dit. Peninna, wat onder dieselfde dak as Hanna geleef het, self ook die ma van kinders, spot en verneder die kinderlose Hanna. By elke geleentheid het Peninna subtiel en met venyn verbale dolksteke in Hanna se verlangende hart toegedien. Dan huil Hanna weerloos. Haar hart krimp inmekaar en met al minder selfvertroue onttrek sy haar sodat sy sosiaal al meer geïsoleer word. Onder dié omstandighede stoot sy haar bord kos terug, want sy het haar eetlus óók verloor (vss 6-7)

Haar man, Elkana, probeer haar troos: “Waarom eet jy nie en waarom huil jy? Waarom eet jy nie en waarom is jy hartseer? Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie“(vs 8). Dié troos, hoe goed bedoel, kan nooit die onvervulde begeerte van moederskap laat weggaan nie. Hanna het méér as dié soort troos nodig gehad.

By die samekoms van gelowiges, in die heiligdom, loop Hanna haar verder vas teen die ondeurdagte en o so vernederende aanmerkings van Eli, die priester. Terwyl sy prewelend bid en die trane oor haar wange rol, sien hy haar aan vir iemand wat dronkverdriet het. Sy woorde: “Hoe lank wil jy dronk bly? Gaan word eers nugter!” is die laaste strooi. Dan stort sy onbeskaamd haar hart voor hom uit, want sy is immers ‘n vrou met integriteit.

“Nee, Meneer, ek is maar net ‘n vrou wat diep terneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here. Moet tog nie dink ek is ‘n slegte vrou nie. Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het” (vs 15-16)

In dié verhaal sien ons hoe iemand soos ‘n Hanna nêrens, nie tuis en selfs ook in die samekoms van gelowiges, ‘n emosionele tuiste van begrip en ondersteuning vind nie. Hoe tragies! Hoe eensaam! Goddank sy het die Here geken! Ons leer Hanna ken as die vrou wat bid. Voor God stort sy haar hart sprakeloos uit. Hy het haar kinderloos gemaak, so het sy sonder verwyte geglo (vs 5). Hy, die Almagtige, is die Een wat haar onvrugbaarheid kon verander. Dit het sy òók onwrikbaar geglo. So diep is haar moederskapsdrang dat sy ‘n verbond met God sluit: “As U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou dink en my nie vergeet nie en aan my ‘n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee.....” Dit is tog ongehoord! Hoe begeer jy iets só intens, vra dit en is terselfdertyd bereid om daarvan afstand te doen. Net miskien het Hanna nou beloftes gemaak sonder om te dink. Daarby kom ons ‘n bietjie later.

En dan op ‘n dag voel sy lewe in haar. Sy is swanger. Met die jaarwisseling het daar vir haar ‘n nuwe lewensfase aangebreek – die lankverwagte begeerte om self moeder te wees is vervul! Sy het gesmeek en God het haar gebed verhoor. Dié wonderwerk mag nooit vergeet word nie. Toe sy na nege maande haar van-die-Here-afgesmeekte kind teen haar bors vashou, het sy geweet wat sy naam moet wees: - “Samuel” Dié Hebreeuse naam is saamgestel uit twee woorde nl. “vra/smeek”

en "Here". Elke keer as iemand hom op sy naam noem, word die Hanna-verhaal in herinnering geroep. En die kern van dié verhaal is dat God wat die harte ken, 'n Verhoorder is van Hanna se gebede. So moes die Samuel-naam òok tot inspirasie dien vir diegene wat dieselfde diep waters deurgaans as waardeur Hanna is. Nou kan Hanna saampraat en is die skerp tonge gesnoer. Sy het trots en dankbaar haar moederskapsrol opgeneem en klein Samuel tot speenoud groot gemaak. Onwillekeurig wonder 'n mens of sy haar belofte aan die Here sou onthou. Hy het haar gebed verhoor en aan haar 'n seun gegee, maar het sy die hart om die kind nou terug te gee. Die band tussen 'n moeder en haar eersgeborene is immers uiters sterk – veral as jy so lank vir hom moes wag. Maar Hanna hou woord. By die eerste offermaaltyd, nadat sy vir Samuel gespeen het, lewer sy haar getuienis. Noudat haar moederskapsbegeerte vervul is, hou sy woord. Sy het besef dat haar kind nie haar persoonlike besitting is nie. Hanna het verstaan wat die Psalms sê: "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here" (Ps 24:1) – ook Samuel. Hy is aan haar geleen, maar behoort nie aan haar nie. Hy behoort aan God. Hy is gebore vir 'n groter doel as om slegs die begeerte van moederskap te bevredig. Hy is gebore om in te pas in God se Koninkryksplan. Daarvoor het sy gelowige moeder hom van dag een af deur haar voorbeeld voorberei. Daartoe was hy die naamdraer van 'n storie van geloof (Hanna) en gebedsverhoring (God). Hy was die persoon wat die groot en komplekse oorgangsfase in die geskiedenis van oud-Israel van 'n stam-stelsel tot 'n Koningskap moes bemiddel. So word Samuel, die eersgeborene deur sy moeder aan God se groter saak gewy, 'n voorloper-figuur van Jesus Christus. As Eniggeborene gee die Vader Hom vir die groter saak; nl., om 'n verlore mensdom uit sonde te verlos en burgers van sy Koninkryk te maak.

Om saam te vat. Die Hanna-verhaal help ons om verstaan dat kinders se geboorte voorafgegaan word deur biddende verwagting en voorbereiding van ouers. Anders as diere verwek ons nie net 'n nageslag nie. Ons ontvang hulle elkeen van God as die mees spesiale gawe van Bo. En ouerskap is allermens vanselfsprekend. Die worsteling van Hanna om swanger te word, bevestig dit. Hiervoor mag ons nooit onsensitief wees nie.

Maar ons besit nie ons kinders nie. Hulle word vir 'n tyd aan ons geleen, want hulle is vir 'n groter saak gebore – vir 'n Koninkryksaak. Daartoe moet ons hulle geestelik begelei en grootmaak. In ouerskap is daar dus nie plek vir selfsugtige besitlikheid nie.

Mag ons altyd sensitief wees en bly teenoor elkeen in ons midde wat met die onvervulde begeerte aan ouerskap worstel - sommige vir lank en ander vir altyd!

Mag ons eie saak (dié van ouerskap) altyd ondergeskik bly aan God se groter saak.

Mag ons, ons kinders altyd met die besef van aan-ons-geleen behandel. Dan sal ons woorde en ons gedrag ons nooit berou nie.

Mag die Here ons daartoe genadig wees en help

AMEN